# DIE PROBUSKLUB HANDBOEK

ALLES WAT JY OOR
PROBUS
EN ‘N
PROBUSKLUB
MOET WEET

Uitgegee deur die Probus Vereniging van Wes-Kaap

*Hierdie handbook is gedurende*
*Augustus 2005 saamgestel en ontwikkel deur die*
*Probus Vereniging van Wes-Kaap uit publikasies op die Internet*

**INHOUD**

| | Bladsy |
|---|---|
| INLEIDING | 1 |
| WAT BEHELS PROBUS? | 1 |
| WIE HET PROBUS NODIG? | 1 |
| WAT MAAK ’n PROBUSKLUB? | 2 |
| HOE GAAN DIE KLUB TEWERK? | 3 |
| WAT IS DIE KOSTE DAARAAN VERBONDE? | 4 |
| WAAR VERGADER 'n PROBUS KLUB? | 4 |
| IS GADES DAARBY BETROKKE? | 4 |
| DIE PROBUS – ROTARIËRKLUB VERWANTSKAP | 4 |
| PROBUS INTERNASIONAAL | 5 |
| PROBUS IN SUID-AFRIKA | 6 |
| KLUB SELFBESTUUR | 7 |
| DIE BESTUURSKOMITEE | 7 |
| DIE BESTUURSKOMITEE LEDEFUNKSIE | 8 |
| DIE STANDAARD GRONDWET EN VERORDENINGE | 10 |
| DIE AANSOEKVORM | 14 |
| SLOTWOORD | 15 |
| DIE REDAKTEUR STEL VOOR | 16 |

*Vir verdere inligting, rig asseblief navrae of voorstelle aan :*
*Die Redakteur, Posbus 1268, Seepunt, 8060,*
*of rig per e-pos aan* bob.goebel@polka.co.za

## INLEIDING

As 'n nuwe lid van Probus, sal jy lidmaatskap van 'n Probusklub interessant en vervullend ondervind; maar, wat van meer belang is, is dat jy 'n groep afgetrede mense soos jouself, wat hulle belangstellings en vriendskappe uitbrei, sal ontmoet en hulle kameraadskap geniet. Hierdie handboek gee 'n uitgebreide insig van die Probus filosofie.

Die deurlees van hierdie handbook, gee 'n bestaande lid van Probus nuwe ideë van hoe hy 'n bydrae tot die uitbreiding van die genot van sy mede-lede kan maak en die Probus-missie kan bevorder.

## WAT BEHELS PROBUS?

'n Probusklub is 'n plaaslike vereniging van afgetrede en half-afgetrede professionele of besigheidsmense (of ander wat 'n mate van verantwoordelikheid gehad het in enige veld van verdienstelikheid), wat van goeie karakter is en gerespekteer word in hulle gemeenskappe.

Die Klub vergader gereeld vir kameraadskap en uitbreiding van die belange van sy lede.

Die naam is 'n samevoeging van die verkorting van die Engelse woorde "**PRO**fessional" en "**BUS**iness". Probus is ook 'n Latynse woord wat eerlik en deugsaam beteken, waarvandaan die Engelse word "probity" afgelei word. In Suid- Afrika het ons Mans-, Dames- en Gemengde Probusklubs.

## WIE HET DIT NODIG ?

Navorsing van die laaste jare wys daarop dat afgetrede professionele en besigheidsmense 'n behoefte het om met mense van 'n soortgelyke besigheids- en opvoedingsagtergrond te verkeer.

Hulle sosiale en sportsklubs, liefdadigheidswerk en stokperdjies het nie altyd hierdie verkeer tot gevolg nie. Oor die algemeen, mis hierdie mense die intelektuele stimulasie, in die wyer betekenis daarvan, veroorsaak deur hulle gewese professionele, besigheids- of uitvoerende aktiwiteite.



Binne 'n kort tyd na hulle aftrede, kom hierdie behoefte om met ander persone in soortgelyke omstandighede te verkeer, sterk te voorskyn.

Hierdie behoefte mag vir sommige, en dan slegs gedeeltelik, vervul word deur groepe gevorm deur openbare maatskappye of ander groot organisasies vir hulle afgetrede personeel, maar meeste van hierdie groepe vergader ongereeld of met groot tussenpouses en die groot meerderheid van afgetrede persone geniet nie hierdie beperkte geleenthede nie.

Die gevoel van verwydering wat deur baie mense wat voorheen posisies van verantwoordelikheid en uitdaging gevul het, lei gereeld na emosionele stress wat kan lei tot werklike fisiese siekte. Een navorser beweer dat "een-kwart van alle senior bestuurders binne ses maande na aftrede, dood is", so groot is hulle behoefte aan portuurgroep-kameraadskap en intelektuele stimulasie.

Die behoefte word bowendien sterker met verlengde lewensverwagting en die aanmoediging van vroeë aftrede. Die vinnige uitbreiding van die Probusbeweging oor die laaste jare is verdere bewys van die behoefte aan sodanige verkeer.

## WAT MAAK 'N PROBUSKLUB ?

Die kort antwoord is : binne grondwetlike beperkings, doen dit presies wat die lede wil. Probusklubs vergader so gereeld soos hulle verlang (naamlik maandeliks, tweeweekliks of weekliks), vir kameraadskap (oggendtee of middagete, 'n bier en pastei, of in die vroeë aand vir 'n drankie en versnaperings), 'n kort besigheidsessie en om te luister na 'n interessante spreker.

Maar dit is net die beginpunt. Baie klubs reël besoeke aan fabrieke, weermagfasiliteite, industriële komplekse, polisiestasies en kwekerye; die plekke wat 'n Rotariërklub verwag word om by sy lys van beroepsbesoeke in te sluit.

Baie geniet kort uitstappies, pieknieks, besoeke aan tuine en natuurskoonplekke of plekke van historiese belang, braaie en toneelstukke.

In Australië reël baie klubs uitgebreide toere van vanaf een dag tot ’n paar weke, partykeer as ’n enkelle klub, partykeer in samewerking met ander klubs. Hierdie is gewoonlik gemik op kameraadskap saam met metgeselle en uitgenooide vriende.

Sommige Probusklubs het binne die klub groepe met spesiale belange, soos byvoorbeeld, musiek, kuns, geskiedenis, sport, toneelstukke, stap, fietsry, posseëlkunde, muntkunde, seil, en baie ander.

’n Probusklub kan inderdaad al die genot van ’n Rotariër- of Leeusklub verskaf sonder die verpligtinge van diens, bywoningsvereistes en die klassifikasiestelsel.

Die Standaard Grondwet van Probusklubs in Suider-Afrika bepaal, by implikasie, dat dit nie-polities, nie-rasgebonde en nie ’n fondsinsamelingsgroep sal wees nie.

Die Probusklub is nie ’n diensklub nie. Baie Probus lede gee vrylik van hulle tyd aan vrywillige werk, óf as ’n individu óf as ’n lid van ander diensklubs of liefdadigheids- liggame.

## HOE GAAN DIT TE WERK ?

’n Probusklub word deur sy lede bestuur. Dit kies sy ampsdraers jaarliks. Die klub tree binne die raamwerk van sy grondwet en verordeninge op. Al die klubs het ’n standaard grondwet maar die voorgestelde verordeninge word aangepas om aan die omstandighede en vereistes van die spesifieke klub te voldoen.

Geen klub mag homself ’n Probusklub noem of die Probus naam of embleem gebruik nie tensy :

(a) dit deur ’n Rotariërklub in konsultasie met ’n Probus Streeksvereniging geborg is;

(b) dit die Standaard Grondwet aanvaar en ’n stel verordeninge opstel wat sekere bedryfs- en administratiewe bepalings bevat;

(c) dit geakkrediteer is as ’n Probusklub by die ”Probusraad vir Suider-Afrika” of, per delegasie, ’n Probus Streeksvereniging.



## WATTER KOSTE IS DAARAAN VERBONDE?

Ledegelde van bestaande klubs (in 2004) beloop ongeveer R50,00 per jaar. Hierdie gelde word aangewend vir die aankoop van geskenke (somtyds) vir gassprekers, uitgee van ’n klub nuusbrief, posgeld en ander administratiewe koste. Intreegelde van ongeveer R40,00 (in 2004) word gehef om die koste van ’n naamplaatjie, ensovoorts, te dek. Die enigste verdere koste aan lede is ’n vergaderingsheffing om die koste van die vergaderplek, en die tee, middagete of drankies te dek.

## WAAR VERGADER 'n PROBUS KLUB?

Die lede van die Probusklub besluit waar hulle gaan vergader. Dit is gewoonlik by ’n gelisensieërde klub, hotel, restourant, saal of gemeenskapsentrum.

## IS GADES DAARBY BETROKKE ?

Die betrokkenheid van eggenote of metgeselle verskil van klub na klub. By die oorgrote meerderheid van klubs woon net lede (of besoekende lede van Probus) die gewone vergaderings by, maar eggenote en metgeselle word genooi na vergaderings en uitstappies van spesiale belang. Alle klubs ontvang graag besoekende lede van Probus asook gaste wat potensiële lede is. (Soos voorheen genoem, is daar Probusklubs vir alleenlik manlike, alleenlik vroulike en gemengde lede.)

## DIE PROBUS – ROTARIËR VERWANTSKAP

Anders as by ander Rotariër-geborgde klubs (Rotoract, Interact en Inner Wheel) waar die borgende klub voortdurende verantwoordelikheid het, benodig die Probusklub geen bystand of toesig nie.
Die borgende Rotariërklub se direkte verantwoordelikheid eindig wanneer dit die stigter-president met sy of haar ampsketting beklee.
Nadat daar sekerheid verkry is dat die stigterslede behoorlik gekwalifiseer is vir lidmaatskap van ’n Probusklub, en nadat daar tevredenheid verkry is dat die eerste ampsdraers en lede van die nuwe klub ten volle bewus is van hulle pligte en die Probus konsep, word die Probusklub op sy eie gelaat om voort te gaan.

## DIE PROBUSBEWEGING INTERNASIONAL

Elke Probusklub is outonoom. Daar is dus geen internasionale vereniging of raad wat Probus beheer nie.

Die Probusklub van Bromsgate, Worcestershire, Engeland, het egter in 1979 besluit om 'n Probus Inligting Sentrum te opereer om Probusklubs in Britanje en Ierland te dien.

In 1981 in die Suid Wes Pasifiese gebied (Australië en Nieu-Seeland), is die Probus Sentrum – Stille Suidsee met die toestemming van die dienende Rotariër Distriks-Goewerneurs gestig. Dit het 'n baie doeltreffend bron van wêreldwye Probus inligting geword en 'n besoek aan hulle webblad http//www.probus.com.au word aanbeveel.

Probusklubs word orals in die Engelssprekende dele van die wêreld gevind (die Verenigde State van Amerika en Kanada ingesluit) en besoeke van Suid-Afrikaners word altyd verwelkom.

## IN SUID-AFRIKA

Die eerste Probusklub in Suider-Afrika is op 8 Maart 1977 geakkrediteer. Dit is oorspronklik die "Probusklub van Sentrale Durban" genoem, maar is later verander na Probus Durban. Die eerste President was Eerwaarde Jimmy Draper.

Die name Charles Spindler, Jack Woods en Walter Eastman verskyn gereeld in die geskiedenis van Probus en hierdie kort geskiedenis is opgestel uit inligting verkry uit dokumente wat beskikbaar gestel is deur hierdie drie uitnemende lede van Probus.

Gedurende die laat 1970's en vroeg 1980's het Probus in Kwa Zulu Natal uitgebrei maar Charles Spindler het besluit om na die Wes-Kaap te trek. In 1984 is die eerste Wes-Kaap klub in Somerset Wes gestig.

Teen 1986 het die aantal klubs in KZN soveel vermeerder dat dit nodig geag is om 'n Streeksvereniging te stig. Die eerste voorsitter was Eerwaarde Bill Bell.



Die Probus filosofie het in 1987 na Johannesburg uitgebrei met die stigting van die "Probusklub van die Noord" in Sandton, en die stigting van die Bedfordview Klub in 1988. Die name van Stan Smith en Vernon Schultz verskyn nou in die geskiedenisboek.

By 'n vergadering van die Rotariër Distriks-Goewerneurs in 1988 is Mike Coleman van Johannesburg versoek om toe te sien tot die daarstelling van 'n koördinerende en adviserende liggaam vir Probus in Suider-Afrika.

Die Raad is toe gebore met sy eie grondwet wat hoofsaaklik die funksies en pligte daarvan uiteensit. Jack Wood was die eerste voorsitter. Dit is destyds (en is nog steeds vandag) 'n genomineerde liggaam in teenstelling met 'n verkose liggaam. Die eerste genomineerde lede was die Uitvoerende Komitee van die Kwa Zulu Natal Streeks- vereniging. Die bedoeling is om verantwoordelikheid vir die nominasie van lede van die Raad tussen die Streeksverenigings elke drie jaar te wissel.

Een van die eerste doelwitte was om 'n Standaard Grondwet vir Probusklubs in Suider-Afrika op te stel. Grondwette is uit Engeland en Australië verkry en hulle vorm die grondslag van die Standaard Grondwet wat toe gestuur is aan en aanvaar is deur alle Probusklubs in Suider-Afrika. Die Standaard Grondwet het op 1 Julie 1989 in werking getree.

Teen 1997 was daar reeds soveel klubs in die Wes-Kaap dat dit nodig geag is om 'n Streeksvereniging te stig. Derek Erickson was die eerste voorsitter.

Die oorspronklike Standaard Grondwet vir Probusklubs in Suider-Afrika was 'n samestelling van verpligte bepalings (in kursief gedruk) en bepalings wat aangepas kon word om aan die besondere vereistes van indiwiduele klubs te voldoen. Dit het tot verwarring gelei en 'n Standaard Grondwet (wat basies die deel wat in kursief gedruk is, bevat het) en 'n stel aanbevole verordeninge is toe opgestel. Die verordeninge bevat basies die bepalings in die oorspronklike Grondwet wat aangepas kon word om aan die vereistes van indiwiduele klubs te voldoen. Hierdie gewysigde "Standaard Grondwet vir Probusklubs Geregistreer met die Probusraad van Suider-Afrika" het op 1 September 1999 in werking getree en die aanbevole verordeninge op 1 November 1999.

Aan die begin van die “Nuwe Millennium” het die Streeksvereniging van Wes-Kaap verantwoordelik geword vir nominering van die Probusraad vir Suider-Afrika. Dr Cecil Craig is as President van die nuwe Raad verkies.

Die 1998 Grondwet van die Raad en die Standaard Grondwet is in Maart 2000 hersien om aan die hesende regsstandaarde en die Grondwet van Suid-Afrika te voldoen. Met klein wysigings wat van tyd tot tyd gemaak is, vorm hierdie twee Grondwette, saam met dié van die Streeksverenigings, die wetlike grondslag vir die bestuur van Probus in Suid-Afrika. Hulle word deur ons lede aanvaar, voldoen aan die vereistes van alle Bank Instellings en vorm die basis van die Belasting Vrystelling wat deur die Ontvanger van Inkomste toegestaan is.

**KLUB SELFBESTUUR**

Dit moet altyd onthou word dat die Probusklub selfbesturend is. Klubs binne ’n geografiese gebied, kies ’n Streeksvereniging om bystand te lewer waar nodig, om as inligting sentrum op te tree, nasoek te doen oor maniere hoe klubs die standaard van kameraadskap wat hulle aan hulle lede bied, kan verbeter, en te help met die uitbreiding van die Probusbeweging.

Die doelwitte van die Probusraad vir Suider-Afrika is om ’n gids van klubs en ampsdraers te hou, nuwe klubs te akkrediteer, grondwet standaarde te handhaaf, klubs raad te gee oor hulle regs- en Inkomstebelasting verpligtinge en die Probus Handelsmerk en Embleem te beveilig.

**DIE BESTUURSKOMITEE**

Geen orginisasie kan sy doelwitte sonder leierskap, beplanning, reëling en beheer bereik nie. Dit beteken dat ’n Probusklub ’n bestuurskomitee wat uit sy lede gekies is, benodig. Dit is belangrik dat die aansoek- en onderhoudsprosedure vir nuwe lede moet benadruk dat elke lid bereid behoort te wees om op die bestuur te dien.



Hoe om die bestuurskomitee te kies en die titels van die hoof amptenare , is uiteengesit in die Standaard Grondwet. Die hoeveelheid komiteelede en die take wat hulle verrig moet deur die komitee bepaal word. Hoe om die kameraadskap, vermaaklikheid en intellekuele stimulasie te voorsien, is hulle primêre verantwoordelikheid. Wanneer, waar en hoe gereeld die klub vergader moet in die klub se verordeninge bepaal word.

**FUNKSIES VAN DIE LEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE**

***(Hierdie lys van funksies is net as ’n riglyn bedoel. Hulle word gewoonlik saamgevoeg, soos die behoeftes van die klub mag vereis, met die inagneming van die grootte en ligging van die klub en die persoonlikheid van die persoon wat gekis is om daardie funksie te verrig.)***

DIE PRESIDENT

Die President word gewoonlik (maar nie altyd nie) gekies om vir een jaar te dien. Hy sal normaalweg as die voorsitter by alle klubvergaderings optree, insluitende dié van die Bestuurskomitee, en as segsman van die klub in enige formele kommunikasie optree. Sy funksie en dié van al die ander lede van die Bestuurskomitee moet duidelik omskryf word in die klub se verordeninge.

KLUBSEKRETARIS

Die Sekretaris vervul alle sekretariële funksies en hou al die notule en rekords van die klub.

KLUBTESOURIER

Die Tesourier hou boek van die fondse van die klub en voldoen aan die vereistes van die Ontvanger van Inkomste.

GASSPREKERSAMEROEPER

Hy reël vir gassprekers en doen nasoek werk oor hulle agtergrond. Hy ontvang die gassprekers by die vergaderings, reël vir hulle formale bekendstelling en vir ’n woord van dank.

UITSTAPPIE- EN VERMAAKORGANISEERDER

Hy reël besoeke aan interessante plekke en organisasies. Hy reël spesiale middagetes, aandetes, teaterbesprekings en ander byeenkomste.

LIDMAATSKAPSEKRETARIS

Hy hou die lidmaatskapsregister op datum en stel van tyd tot tyd ’n lys van lede op. Hy voorsien aansoekvorms vir lidmaatskap aan nuwe lede, reël onderhoude met aansoekers en doen verslag aan die Bestuurskomitee vir die finale aanvaardingsbesluit.

KLUB NUUSBRIEF- EN PUBLISITEITSEKRETARIS

Hy moet die Klub se Nuusbrief voorberei, laat druk en pos aan alle lede voor vergaderings, na gelang van die Klub se beleid. Hy moet persverklarings en persteenwoordigheid, soos paslik, reël om verslag te doen oor spesiale toesprake, byeenkomste en gebeurtenisse.

SKAKELBEAMPTE

Hy soek geleenthede om met ander Probusklubs saam te werk, en moedig besoeke tussen klubs en gesamentlike aktiwiteite aan. Hy staan die plaaslike Rotariërklub by, wanneer daartoe versoek, om verdere Probusklubs te stig. Hy probeer om met Probusklubs in ander lande te skakel.

KLUB DIENSBEAMPTE

Hy is verantwoordelik vir die reël van vergaderplekke, sitplekke, mikrofoon, naamplaatjies, verversings, ensovoorts. Hy verwelkom besoekers en stel hulle bekend. Hy hou rekord van lede se verjaarsdae en stuur verjaarsdagkaartjies aan lede. Hy skakel met lede wat siek is of in die hospitaal opgeneem is.

STANDAARD GRONDWET
VIR
PROBUSKLUBS
GEREGISTREER MET
DIE PROBUSRAAD VIR SUIDER-AFRIKA
(Soos gewysig Julie 2005)

1, **Voorrede**
Die word “PROBUS”, “Probus” en die “P” logo mag alleen deur Die Probus Raad vir Suider-Afrika, Probus Streeksverenigings en geakkrediteurde Probusklubs gebruik word. Dit mag nie vir enige handelsdoel gebruik word nie.

**2, Die stigting van ’n Probusklub vereis :**
2.1,Borgskap deur ’n Rotariërklub in konsultasie met die plaaslike Distriks-Goewerneur van die Rotariër Internasionaal.
2.2, Akkreditasie deur ’n Probus Streeksvereniging of, waar geen sodanige vereniging bestaan nie, deur die Probus Raad vir Suider-Afrika.
2.3, Handhawing van hierdie Grondwet deur Probusklubs om hulle akkreditasie en registrasie te behou.

**3, Die doelwit en strewe van ’n Probusklub is :**
3.1, Om ’n geleentheid vir kameraadskap tussen afgetrede en half-afgetrede persone te voorsien.
3.2, Om aktiwiteite, insluitende vergaderings, toesprake, uitstappies en sport-geleenthede, en enige ander manier wat kameraadskap en die genot van aftrede verskaf, te bevorder.

**4, Lidmaatskap**
4.1, Afgetrede en half-afgetrede professionele en besigheidspersone asook ander persone wat ’n mate van verantwoordelikheid gehad het in enige veld van verdienstelikheid, kwalifiseer vir Lidmaatskap van ’n Probusklub.

6.5, Die Voorsitter sal 'n tweede of beslissende stem hê indien nodig.
6.6, Enige Kennisgewing van Mosie vir 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering moet op skrif gestel word en aan die Sekretaris voorgelê word. Die Sekretaris sal die gemelde Kennisgewing van Mosie by die Klubvergadering wat gehou word een maand voor die vergadering waar die Motion formeel voorgestel gaan word, voorlees.

**7, Finansies:**
7.1, Die Tesourier sal 'n Inkomste- en Uitgawe Rekening hou vir die 12 maande van die Klubjaar. Die Finansiële State sal by die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.
7.2, Die jaarlikse ledegelde sal by die Algemene Jaarvergadering bepaal word en, vir nuwe klubs, by die Stigtingsvergadering.

**8, Wysigings:**
8.1, Enige wysigings van hierdie Grondwet moet deur 'n meerdigheidstem by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering van die Probus Raad vir Suider-Afrika goedgekeur word.

**9, Likwidasie:**
9.1, Met die likwidasie van die klub, sal die fondse van die klub aan 'n Geregistreerde Liefdadigheidsorganisasie, soos deur die Bestuurskomitee bepaal, uitgekeer word.

***(Elke Probusklub het sy eie unieke stel verordeninge. Hierdie verordeninge is aanvanklik opgestel wanneer die klub geakkrediteer word en word later gewysig soos die klub groei en veranderende omstandighede sodanige wysigings vereis. Wat hierop volg is die die formaat waarop die meeste klubs hulle verordeninge gebaseer het.)***

**PROBUSKLUB VERORDENINGE**

(Moet saam met die Standaard Grondwet vir Probusklubs gelees word.)

**NAAM**
Die naam van die klub is PROBUS .....
**LIDMAATSKAP**
1,Die maksimum getal ledeis .....
2, Tweeledige lidmaatskap van 'n ander Probusklub word/word nie toegelaat /nie.



4.2 Aansoeke om lidmaatskap (met die uitsondering van stigterslede) moet deur twee lede van die klub geborg word en moet deur die Bestuurskomitee goedgekeer word.
4.3 'n Klub mag Erelede asook Lewenslange Erelede kies op aanbeveling van die Bestuurskomitee.

**5, Bestuur**
5.1, 'n Klub word deur 'n Bestuurskomitee bestuur.
5.2, 'n President, Visie-President, Sekretaris, Tesourier en twee of meer komiteelede sal die beamptes van die klub wees. Die Pas Afgetrede President sal een van die komiteelede wees.
5.3, Die Bestuurskomitee word by die Algemene Jaarvergadering verkies.
5.4, 'n Register van alle lede sal gehou word.
5.5, Die name en adresse van die President en Sekretaris, asook enige verdere inligting wat van tyd tot tyd benodig mag word vir die opstel van die Probus Gids vir die Suider-Afrika Streek, sal aan die Sekretaris van die Probus Raad vir Suider-Afrika, deur middel van die betrokke Probus Streeksvereniging of Rotariër Distriks Probus Koördinerende Beampte, binne 14 dae na die Algemene Jaarvergadering van die klub.
5.6, Die Bestuurskomitee is verantwoordelik vir die reël van al die aktiwiteite van die klub.
5.7, Ten minste 50% van die lede van die Bestuurskomitee moet by 'n vergadering teenwoordig wees om 'n kworum te vorm.
5.8, Die Bestuurskomitee sal sodanige verordeninge as wat dit nodig ag, skep. Sodanige verordeninge sal nie enige deel van hierdie Standaard Grondwet vir Probusklubs in Suider-Afrika vervang of herroep nie.

**6, Vergaderings:**
6.1, 'n Algemene Jaarvergadering sal voor die Jaarvergadering van die betrokke Streeksvereniging gehou word.
6.2, 'n Spesiale Algemene Vergadering word deur die Sekretaris belê indien nie minder nie as 20% van al die lede dit op skrif versoek.
6.3, Ten minste 25% van al die lede van die klub moet by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering teenwoordig wees om 'n kworum te vorm.
6.4, Tydens 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering word stemme deur die opsteek van hande uitgebring tensy 'n geheime stemming spesifiek deur ten minste 20% van die lede teenwoordig, versoek word.

3, Mans / Dames / Mans en Dames word as lede toegelaat.
4, Oordrag van Probuslidmaatskap word / word nie aanvaar met / sonder afstanddoening van intreegelde / nie. In die geval van maksimum ledetal, moet die betrokke persoon die klub se vergaderings as 'n gas bywoon totdat 'n vakature voorkom.
5, Nuwe lede moet die Aansoekvorm voltooi en onderteken, moet die Lidmaatskapsekretaris ontmoet en ..... agtereenvolgende vergaderings bywoon voor hy formeel as 'n lid aanvaar kan word.

**LIDMAATSKAPGELDE**

1, Intreegeld is R ..... (eenmalige betaling).
2, Jaarlikse ledegelde is R ..... , welke bedrag jaarliks hersien word (wat pro rata verminder word na gelang van die maande wat tot die klub se jaareinde oorbly).
3, Maandelikse bywoningsgeld is R.....
4, Jaarlikse ledegelde wat nie binne ..... maande van betaaldatum betaal word nie, kan tot beëindiging van lidmaatskap lei (binne die diskressie van die Bestuurskomitee).

**VERGADERINGS**

1, Die klub vergader op die ..... dag van elke maand om .....h..... vir .....h..... .
2, Die maandelikse nuusbrief sal voor die vergadering versprei word.
3, Die Bestuurskomitee vergader op die ..... dag van elke maand om .....h..... .
4, Die vergaderplek is ..... .

**BYWONING**

1, Lede moet verskoning vra wanneer hulle nie 'n vergadering kan bywoon nie.
2, Indien 'n lid ..... agtereenvolgende vergaderings sonder verskoning nie bywoon nie, kan dit lei tot die opheffing of verbeuring van sy/haar lidmaatskap (binne die diskressie van die Bestuurskomitee).

**BESTUURSKOMITEE**

1, President
2, Vise-President
3, Notule / Nuusbrief Sekretaris
4, Tesouriër
5, Gasspreker- / Uitstappiesameroeper
6, Vermaakorganiseerder
7, Lidmaatskap / Sosiale Sekretaris
8, Pas Afgetrede President

Een of meer lede mag gekoöpteer word om op die Bestuurskomitee te dien.

**WYSIGING VAN VERORDENINGE**

Voorstelle vir die wysiging van die verordeninge moet aan die Bestuurskomitee voorgelê word vir goedkeuring voordat sodanige voorstelle by die volgende klubvergadering deur 'n meerderheidstem aanvaar word.



**AANSOEKVORM OM LIDMAATSKAP**

DIE PROBUSKLUB .....

Ek doen hiermee aansoek om lidmaatskap van die Klub.
Van en Voorletters : .....
Eerste Voornaam : .....
Eggenote se Voornaam : .....
Verjaarsdag : .....
Eggenote se Verjaarsdag : .....
Huweliksherdenking : .....
Woonadres : .....
Posadres : .....
E - Posadres : .....
Telefoonnommer : .....
Selfoonnommer : .....
Vorige Beroep : .....
Huidige Belangstellings : .....

Ek is bereid om : (trek dood as dit nvt is nie)
1. op die Bestuurskomitee te dien indien ek daartoe versoek is
2. my motor te gebruik om ander lede op daguitstappieste vervoer
3. my motor te gebruik om ander lede op aanduitstappies te vervoer

Ek bevestig dat ek daarvan bewus is dat intreegelde van R ..... en jaarlikse ledegelde van R ..... betaalbaar is met aanvaarding van my aansoek om lidmaatskap.

DATUM : ..... Handtekening : .....
Voorgestel deur : .....Tel Nr. .....
Gesekondeer deur : .....Tel Nr. .....

---

VIR KOMITEE GEBRUIK

Kommentaar oor Onderhoud : .....

Datum Vorm Ontvang:.....Datum Aanvaar : .....
Gelde Ontvang : R .....Aasoeker in kennis gestel : .....

Sekretaris : ..... Tesouriër : .....

**SLOTWOORD**

Daar is dit. Dit is wat 'n lid van Probus is en hoe hy in die Probusklub pas.

Elke Probusklub is onafhanklik van elke ander klub en handel met en tot voordeel van sy lede presies soos sy Bestuurskomitee besluit.

Klubs in 'n gegewe geografiese gebied vorm saam 'n Vereniging. Die lede van die Vereniging is die klubs en nie die indiwiduele lede van die klubs nie. By die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging, kies die klubs 'n Uitvoerende Komitee. Die taak van die Uitvoerende Komitee is om die Probus Filosofie uit te brei en te beskerm, leiding en bystand aan te bied waar dit nodig geag word, bystand te lewer met die stigting en akkreditasie van nuwe klubs en in aanraking met die Rotariërbeweging te bly.

Die Vereniging sal weer op sy beurt saam met ander skakel om in 'n groter geografiese gebied 'n Raad daar te stel. Dit is die Raad se taak om toe te sien tot die regsvereistes soos Inkomste Belasting, die Handelsmerk en Patente, nuwe klubs te registreer, 'n Gids van die Klubs en hulle amptenare op te stel, te sorg dat die Grondwet gehandhaaf word, en bystand te lewer waar die Verenigings dit nie kan doen nie.

In Suid-Afrika is Probus 'n organisasie wat afwaarts verslag doen en rekenskap gee. Die Raad doen verslag aan die Vereniginge en hulle op hulle beurt doen verslag (en moet hulle optrede regverdig) aan die klubs wat hulle gemagtig het. Dié van ons wat lede van die Leeus of Rotariërbeweging was, sal onthou hoe daardie organisasies verslag in die teenoorgestelde rigting moet doen.

Geniet jou lidmaatskap van 'n waarlik lid-geöriënteerde organisasie.

***Ons betoon graag ons dankbaarheid aan die Probusklub Stellenbosch vir die' vertaaling.***

Stuur navrae en voorstelle aan:
Die Redakteur, Posbus 1268, Seepunt, 8060,
of per e-pos aan : bob.goebel@polka.co.za

***'n Paar voorstelle van die Redakteur oor hoe om die handboek in 'n klubsei'edokument te verander.***

***!, Gebruik die' bladsy om 'n kort geskiedenus van die klub te skryf. Noem die Rotariërborgklub, die stigtingsdatum, 'n naamlys van stigtingslede, vorige ampsdraërs en enige ander belangrike inligting ei'e tot die klub.***

***2, Verander die "Verordinge" bladsy so dat dit die verordinge wat die klub aanvaar het weerskyn.***

***3, Skryf die klubnaam bo op die "aansoekvorm om lidmaatskap" wat op bladsy 11 verskyn.***

***4, Voeg die klubnaam op die voorblad by.***

***5, Die A4 twee kolom horisontaalvormaat is vir die handboek gekies om dit in 'n A5 grote boekie maklik optemaak :***

***a), Bereivoor die klubsei'ehandboek soos hierbo aanbeveel.***

***b), Druk een afskrif op A4 papier, (dit sal vanselfspreekrnd in twee kolom horisontaalvormaat verskyn).***

***c), Vra 'n goedgesinde drukker om soveel nodig afskrifte te druk en die stapelbladsye deur die middel te sny met sy guilotine. ('n Drukkermaadskapy het gevoonlik 'n beter guilotine as wat by 'n skryfbehoeftehandelaar opgespoor han vord).***

***d), Koop 'n helfde vooraad A4 transperansies en A4 din wit bordpapier en vra die drukker om dit soos bogenoem te sny vir voor- en agterblat.***

***e), Koop die vereiste hoeveelheid aanglyverbindingstrokies, (by meeste goeie sktyfbehoefdehandelaars beskikbaar).***

***f), Kollasioneer die deurgesnyde handboekblaaitjies, (hulle sal nou in A5 portretvormaat wees), sit die voor en agterblat in posiesie, gly die bindingstrokie aan die kant vas en sny dit tot maat.***

***Daar het u nou net so veel handboekies nodig om een vir elke klubslid te gee!***

Die Redakteur